Speel en leer saam

Bou taal saam

Neem tyd en geniet hierdie aktiwiteite. Jou kind sal dit geniet om oor en oor hul gunsteling speletjies te speel. Elke keer as hulle speel, leer hulle.

Kinders leer baie deur dieselfde dinge oor en oor te doen.

Al ons aktiwiteite kan gevind word op ons webwerf sonder data:
https://wwhomeliteracy.org.za/

Oral en enige plek is n kans iets nuuts te leer!

Het jy geweet etenstye is 'n wonderlike tyd om nuwe woorde aan te leer! Kan jy aan woorde dink wat jy kan sê as 'n baba eet of drink?
Jy kan pret het met jou baba terwyl jy woorde gebruik soos lepel, maag, bottel, koppie, warm. As jou baba die nuwe woord sê, wys haar dat jy tevrede is met haar. Moenie bekommerd wees oor haar foute nie!

Het jy geweet dat as babas baie klein is hulle lief is om van hul ouers se gesigte te sien? Daar is baie verskillende dinge wat babas raaksien.
As jy saam met jou baba uit is, kan jou baba 'n hond of 'n blom opmerk en jy kan die woord sê terwyl jou baba na hierdie dinge kyk.

Het jy geweet dat babas en jong kinders baie meer verstaan as wat hulle kan sê? As jy by jou baba is, moet jy hardop praat oor wat jy doen terwyl jy jou daaglikse take verrig. Gebruik alledaagse geleenthede soos voedings tyd, doekwisseltyd of wanneer jy jou baba was en aantrek om te praat oor wat jy doen.

Wordworks

Het jy geweet dat biblioteke dikwels 'n verskeidenheid van spesiale boeke vir babas en jong kinders het? Nadat jy in die biblioteek was en geskikte boeke gekies het, moedig jou baba aan om die boek vas te hou. Hulle moet saggies gelei word, want hoewel die boeke sterk is, is dit nie onvernietigbaar nie.

Het jy geweet dat eenvoudige pas-speletjies jou kleuter sal help om besonderhede raak te sien en haar luister en taalvaardighede te ontwikkel en dat dit vanaf twee jaar gespeel kan word.

Sny 'n stuk karton in kleiner stukke wat dieselfde vorm en grootte het. Kies en sny twee identiese prentjies uit 'n tydskrif en plak dit op twee van die stukke karton. Maak twee of drie bypassende pare, en **geniet die bypassende prente met jou kind!**



Wanneer 'n kind voorgee-lees of saam met 'n volwassene lees, is dit een van die beste maniere om jou kind te laat besef dat lees interessant en pret is.

Gebruik 'n eenvoudige, dog duidelike prent vir elke bladsy van die boek.

Kies groot, helderkleurige prente. Plak 'n prent op elke bladsy.Jy kan jou boekies volgens 'n tema maak, soos gesigte, diere, blomme, motors, goed waarvan jou kind hou, families, kos. Daar is nog baie ander temas wat jy kan gebruik.

Het jy geweet dat telwerk elke dag gebruik word, en dat dit belangrik is dat kinders deur die dag verskillende dinge rondom hulle tel? Gebruik die toiletrolletjies en skryf die nommers 1 tot 6 op elke toiletrol. Teken dieselfde getal groot kolletjies agter op die rol. Plaas die toiletrolletjies in 'n ry op 'n plat oppervlak. Gebruik 'n boontjiesak of gevoude sokkies om jou kegels te gooi en tel hoeveel kegels jy omgeslaan het.

Hierdie prettige aktiwiteit het baie voordele, en dit sluit die volgende in: dit help om die klein spiere in u baba se hande te ontwikkel, die verbintenis tussen hul oë en hande te ontwikkel en hulle terselfdertyd te leer om probleemoplossings te ontwikkel.
Kry 'n jogurthouer met 'n deksel en groepeer plastiekbotteldoppies in verskillende groottes. Teken drie of meer botteldoppies van verskillende groottes op die deksel van 'n boks. Gebruik 'n skerp mes om die vorms wat u geteken het, uit te sny. Maak seker dat al die doppies deur die gate wat u gemaak het, pas en dat daar geen skerp rande is nie. Laat u kind dit geniet om die plastiekdoppies in die jogurthouer te plaas.



Babas hou daarvan om te luister na die sing van aksierympies en daarby aan te sluit. Hulle leer om te voorspel wat volgende in die liedjie of rympie kom, en terselfdertyd leer hulle nuwe woorde en die ritme van hul taal. Dink aan 'n paar maklike aksierympies wat jy met jou baba wil sê of sing. Sê een of twee van hierdie rympies gedurende die week en kyk hoe jou baba reageer. Sê dit stadig met baie uitdrukking, let op hoe jou baba reageer. Sê hulle stadig met baie uitdrukking, let op hoe jou baba begin verwag wat volgende gaan kom. Geniet hierdie tyd saam.

Wordworks